Nuwe Matthee-roman dis geskiedenis as smulmaaltyd op

Deur Barrie Hough

PIETERNELLA VAN DIE KAAP; Dalene Matthee; Tafelberg

Hierdie lywige nuwe roman van een van Suid-Afrika se gunsteling-skrywers is 'n bonusboek. Nie net is dit die aangrypende lewensverhaal van Pieternella van Meerhoff die dogter van die legendariese en enigmatiese Krotoa en 'n Deense chirurgyn nie. Dit is ook die storie van Krotoa self en 'n panoramiese, deurtastende beskouing van die lewe aan die Kaap, op Robbeneiland en Mauritius in die sewentiende eeu. In 'n komplekse vertelling, wat voldoen aan die verwagtinge en vereistes van die roman in sy tradisionele George Elliot-sin waar elke draad soos in 'n spinnerak, regstreeks of onregstreeks, aan elke ander draad verbind is, lê Matthee vir die leser die politiek, die implikasies van kolonialisering deur Holland en die magtige Here Sewentien bloot.

Jy kry in die fynste sensuele besonderhede 'n helder indruk van hoe elke sektor van die samelewing, buitelandse slawe, inheemse stamme, besturende hoëlui wat van tyd tot tyd die gekolonialiseerde plekke besoek het, die goewerneurs en die vryburgers in die politieke, ekonomiese en sosiale prentjie van die tyd gepas het. Matthee dis nie net droë geskiedenis soos wurgpap op nie. Sy sit dit in fyn porselein voor as 'n smulmaaltyd met subtiele speserye, nuwe geure en geheime sousies wat die smaak nog verder prikkel. As alle geskiedenis maar so leservriendelik, lewendig en kleurryk aangebied kon word! Met die slag en gawe van die goeie romansier slaan Matthee in Pieternella stereotipes van geskiedenisfigure deeglik hok. Pieternella se ma, Krotoa, of Eva, soos die Hollanders haar genoem het, word mens. Haar drankprobleem word geensins verswyg nie en haar skelmgeit ook nie. Uit Matthee se vertelling lei 'n mens af dat sy 'n anargis was wat die Hollanders en haar eie mense in onderhandeling gemanipuleer het omdat sy die enigste een was wat albei se tale vlot kon praat. Matthee oorromantiseer haar ook nie, trap nie in die slaggat van politieke korrektheid nie.

Krotoa/Eva is 'n volledig drie-dimensionele karakter – 'n mens met goeie en slegte eienskappe wat 'n produk is van haar tyd, omstandighede en interaksie met ander mense. Selfs mindere karakters, soos tant Maijke van den Berg, Bart Borms en tant Theun, is versigtig en met skakering uitgebeeld sodat hulle nooit in tipes verval nie. Elke karakter het sy eie hebbelikhede, spraakritmes en gespesialiseerde woordeskat. Terugskouend vervloei hulle nooit.

Matthee stel in hierdie roman, meer as ooit, haar sonderlinge gawe vir karakterisering en karakterontwikkeling ten toon. 'n Mens kry selfs vars blikke op oorbekende historiese figure soos Jan van Riebeeck en Simon van der Stel. (Hy is, terloops, op Mauritius gebore.) Op die koop toe karakteriseer sy elke landskap waarin karakters optree geil met 'n fyn waarnemersoog of dit nou die Kaap is, Mauritius of aan boord die skip die Boode, van die Kaap na Mauritius. Ná jy die boek neergesit het, kan jy byvoorbeeld nog die aard van Mauritius se landskap en die detail van sy plantegroei voor jou geestesoog oproep.

Wanneer Pieternella, wie se hart in die Kaap vasgemeer is, teen haar sin op Mauritius aankom, skryf Matthee: “Haar oë het gekyk, maar haar lyf het ingedruk gevoel, soos iets wat eers weer oopgevou moes kom. Eintlik was haar lyf nie daar nie, maar iewers op 'n ander kaai; dit was net haar skulplyf." (bl. 233.) Matthee se literêre vakmanskap kom ten volle tot sy reg in die manier waarop sy die skulp as oorheersende beeld ontgin. In 'n stadium duik Pieternella se man, Daniel Zaaijman, lewende geskulpte diere uit die see uit. Dit is vir Pieternella nuut en wonderlik, want skulpe het sy nog altyd met die dood, lyding, verbanning en slawerny geassosieer. Die misdadigers wat na Robbeneiland verban is, moes skulpe optel en maal vir kalk. In Pieternella se kop is skulpe en skulp-wees dus aanvanklik 'n soort straf, 'n vorm van slawerny en geestelike dood. Op Mauritius vind sy egter geluk en 'n lewe van haar eie, met 'n man en kinders. In 'n

stadium stuur sy mooi skulpe van Mauritius as kosbare geskenk terug aan juffrou Sophia, haar voog in die Kaap. Pieternella se houding teenoor skulpe is dus 'n goeie barometer vir haar geestestoestand.

Hoewel Pieternella 'n baie poëtiese roman is, word dit nooit selfkoesterend so nie. Met die politieke intriges op Mauritius nader aan die einde van die boek, wanneer Pieternella se man se reputasie en lewe in gevaar verkeer, versnel die pas in die vertelling aansienlik en raak dit soms heel spannend. Die bibliografie, bronnelys en die outeursnota ten slotte gee 'n finale afronding aan Pieternella van die Kaap.

Barrie Hough is Rapport se kunsteredakteur.
BRON: Rapport, 14 Mei 2000